




Mate


Voltooide stuk is 20 x 20 cm

Benodigdhede

- 14-telling Aida wit borduurstof 36 x 36 cm
- tapisserienaald nr. 26
- borduurraam (opsioneel)
- DMC-stringkatoen: gebruik 2 stringe vir kruissteek; gebruik 1 string vir agtersteek
- Elke simbool op die diagram verteenwoordig 'n kleur

Maak so


1. Maak 'n stiksel om die buiterand van die borduurstof sodat die lap nie uitrafel nie.
2. Vou die borduurlap in vier en merk die middelpunt met pyltjies. Begin by die middelpunt borduur. Gebruik 'n borduurraam indien verkies.
3. Borduur met kruissteek en agtersteek volgens die diagram en voltooi.
4. Pars versigtig met 'n klam lap aan die verkeerde kant sodra borduurwerk voltooi is.
5. Koop 'n groot fotoalbum of hardebandboek. Sny 'n raam met 'n lemmetjie uit die voorblad. Die raam moet groot genoeg vir die kruissteekwerk wees. Plak die kruissteekwerk op 'n karton wat so groot soos die voorblad is. Plak die karton onder die voorblad vas sodat kruissteekwerk presies in die raam kan pas. Bedek kruissteekwerk met plastiek of glas. □



Nr. Sim. Kode Lengtes

1	—	744	3
2	—	742	3
3	—	321	1
4	—	334	3
5	—	824	1
6	—	988	14
7	—	986	6
8	—	912	2
9	—	910	1
10	—	3826	1
11	—	975	1
12	—	3772	1
13	—	841	2
14	—	839	1
15	—	318	3
16	—	317	1
17	—	3799	1
—	—	P.P.	

Kruissteek - gebruik 2 stringe



P.P. = agtersteek - gebruik 1 string



DMC 60 cm gare bevat 6 stringe elk

Die volledige kruissteekpakket XC0395-A is van DMC Creative World beskikbaar. Vir meer inligting en jou naaste verskaffer, bel DMC Creative World tolvry by 0800-210-401.

handwerk

Maak dié besondere
boekootreksel vir al jou
tuinmaakwenke. Saamgestel
deur Linda van der Spuy

'n Besondere
tuinboek